ALGEMENE INLIGTING

Koshuislewe is gewoonlik sinoniem met jiggie kos en dodelike roetine, maar beslis nie in Voortrekker se koshuis nie! Ons koshuis is ons trots: hier woon en werk ons almal gelukkig saam; ons eet huiskos; roetine leer ons onafhanklikheid en selfdissipline.

Kontak mnr. Natius Labuschagne by 083 384 1450 vir enige navrae oor die koshuis.

Aansoekvorms vir toelating tot die koshuis is by die skool beskikbaar.

CCTV: Daar is geslotebaan-televisiekameras in al die seunsgange, dogtersgange, eetsaal, voorportaal en by die die trappe wat toegang verleen tot die dogterkant.

NAWEKE: Geen leerder mag naweke inbly, of die koshuis betree nie. Gedurende die wintersportseisoen mag leerders wel, teen addisionele betaling, Vrydagaande inbly.

RYKLUB: Die koshuis beskik oor 'n ryklub. Die diens is van Maandag tot Donderdag vanaf direk na skool tot 18:00 beskikbaar. Vir verdere besonderhede en tariewe, skakel met die huisvader.

TRADISIES

Voortrekker-koshuis is ryk aan tradisies.

KOSHUISBRAAI: Hierdie geleentheid word jaarliks aangebied deur die koshuiskomitee, wat bestaan uit ouerverteenwoordigers van elke dorp waarvandaan kosgangers kom – ook iets uniek aan ons koshuis. Terselfdertyd vind ons jaarlikse GANGKOMPETISIE tydens die koshuisbraai plaas. Gange word deur HK-lede en hul ouers opgeknap en daarom is Voortrekker-koshuis een van die mooistes in die land!

GROENWURMKONSERT: Die oriëntering wat wel plaasvind om graad 8's by die koshuislewe te laat inskakel – hulle deel te maak van die Voortrekker-familie – eindig by die graad 8's se wurmkonsert. Tot dan dra die graad 8-dogters in die koshuis "pampoenrokke" en voortrekkerkappies en die seuns wit "help-my-sterk-lyk"-hempies en PT-broeke. Die graad 8-dogters hou ook 'n 'Moedersdag' vir die matrieks.

WOENSDAE: Woensdag is dorpdag en boonop is daar Woensdae heerlike hamburgers en skyfies op die spyskaart. Ons kos is altyd baie lekker!

KOSHUIS-SOCIAL: Dit is 'n spog sosiale geleentheid in die tweede helfte van die jaar, wat slegs deur die skool se matriekafskeid in styl oortref word. Dorpskinders wat 'n 'skiet' na die Social kry, is beslis bevoorreg! In tye van akademiese rustigheid vind daar soms spontaan 'n koshuissokkie in die studiesaal plaas.

STILTETYD: Ons kerjakker egter nie net gedurig nie. Behalwe elkeen se individuele stiltetyd, hou die meisies een maal per week in hulle onderskeie gange saam Bybelstudie en twee maal per kwartaal kom al die meisies bymekaar vir huisgodsdiens. Die seuns het 'n weeklikse byeenkoms waartydens hulle ook saamsing tot lof van God.

## TARIEWE

Koshuisgelde word jaarliks aangepas en is dan aan die begin van elke kwartaal betaalbaar.

## REËLS EN REGULASIES

Hiermee oorhandig ons aan elke kosganger in Voortrekkerkoshuis 'n stel basiese reëls wat stiptelik en onvoorwaardelik nagekom moet word. Indien daar enige reëls is wat nie duidelik is nie, moet kosgangers asseblief nie huiwer om dit met die huisouers te kom bespreek nie.

Dit word vertrou dat die verblyf in hierdie koshuis baie aangenaam sal wees en dat, wanneer die kosgangers die dag die koshuis verlaat, hy/sy met vreugde daaraan sal terugdink as 'n baie aangename deel van sy/haar lewe. Kom laat ons as 'n huisgesin lekker saamwoon en laat elkeen van ons sy/haar deel doen om dit vir mekaar aangenaam te maak.

Verbreking van die reëls word in ‘n baie ernstige lig beskou en daar sal streng opgetree word in sulke gevalle:

## ALGEMEEN

1. Die leen en uitleen van klere is streng verbode. “Leen” sonder toestemming word as diefstal beskou. Diefstal is strafbaar met permanente skorsing. Die leen van geld word ook ten sterkste afgekeur.

2. Rook, dwelm- en drankgebruik en/of die besit van sulke middels, of die houers daarvan, is streng verbode, beide op en van die skoolterrein. Oortreders sal dissiplinêr verhoor word en moontlik geskors word.

3. Afwesigheid uit die koshuis sonder die toestemming van die huisvader of ‘n personeellid sal meebring dat die oortreder gestraf word en moontlik geskors kan word. ‘n Eerste oortreding kan ‘n vyf-dae-skorsing meebring, terwyl ‘n daaropvolgende oortreding met permanente skorsing uit die koshuis gestraf kan word.

4. Enige fisiese aanranding, intimidasie, of verpligting van inwoners om ander opdragte uit te voer as die voorgeskrewe pligte, word ook as ‘n ernstige oortreding beskou wat ‘n dissiplinêre verhoor en moontlike skorsing kan meebring.

5. Alle redelike opdragte van die personeel, matrone of huiskomitee moet uitgevoer word.

6. Slegs matrieks mag radio/cd-spelers in hul kamers hê en mag musiek teen ‘n REDELIKE volume speel (d.w.s. dit mag nie buite hulle kamers gehoor kan word nie), behalwe gedurende studietye. Musiek mag nie by vensters uit na buite gespeel word nie. Matrieks mag nie ander inwoners toelaat om hulle musiekspelers te gebruik nie. ‘n Eerste oortreding van hierdie reël sal meebring dat die radio vir ‘n week weggeneem word en ‘n tweede oortreding sal veroorsaak dat dit permanent uit die kamer verwyder word.

7. Die studiesaal is ‘n permanente STIL GEBIED en mag nie as ‘n deurloop gebruik word nie. Niemand mag tussen 15:30 en 17:00 in die studiesaal wees nie. Die gange word na stiltetyd elke aand ook STIL GEBIEDE.

8. Geen rugbystewels en spykerskoene mag binne die koshuis gedra word nie.

9. Inwoners van die koshuis MAG NIE duimgooi nie.

10. Dagskoliere en/of oudinwoners word nie sonder toestemming van ‘n personeellid, met kennisname deur die huisvader, in die koshuis toegelaat nie.

11. Volle skooldrag/sportdrag word na alle amptelike sportbepalings gedra.

12. Waardevolle artikels (soos kameras, selfone en groot bedrae geld) word op eie risiko in kamers gehou. Duur sporttoerusting behoort ook te alle tye weggesluit te wees.

EETSAAL

Almal gaan die eetsaal met die gepaste respek en goeie maniere binne. Die kombuispersoneel sal met die nodige respek behandel word en basiese hoflikheid teenoor alle personeel word verwag. ‘n Tafelgebed sal voor elke ete gedoen word.

1. Toustaan vir kos:
• Netjiese, ordelike rye word gevorm met geen gestamp en stotery nie.
• Personeel, besoekers en matrieks mag na die voorpunt van rye beweeg.
• Inwoners moet kombuispersoneel bedank en te alle tye respekvol behandel.

2. Geraasvlakke:
• Geraasvlakke moet so laag moontlik gehou word in die eetsaal.
• By die aanhoor van die ghong/klok hou almal op met eet en absolute stilte volg.

3. Opruiming:
• Huiskomiteelede sien toe dat tafels opgeruim word.
• Alle tafels word na elke ete deur inwoners afgedek en opgeruim.
• As iemand gemors het, is dit sy verantwoordelikheid om self skoon te maak.
• Alle stoele word ingestoot en tafels skoon en netjies gelaat.

4. Ander:
• Geen messegoed of breekgoed mag uit die eetsaal verwyder word nie.
• Goeie tafelmaniere moet gehandhaaf word: niemand mag oor die tafel hang, met ‘n mond vol kos praat, of met die messegoed peuter of beduie nie.
• Niemand mag in die eetsaal rondloop, of oor die tafels heen skree nie.
• Na die dankgebed mag diegene wat nie klaar geëet het nie, dit vinnig en stil doen.
• Geen kos mag uit die eetsaal verwyder word nie.
• Inwoners mag hulle eie broodsmere en graankosse bring.

KAMERS

1. Almal moet dadelik opstaan en begin klaarmaak wanneer die opstaanklok lui. Beddens moet opgemaak en kamers aan die kant gemaak en gereed wees vir inspeksie.

2. Kaste moet netjies gehou word en gesluit wees wanneer nie in gebruik nie.

3. Ligte moet afgeskakel word wanneer daar niemand in die kamer is nie. Niemand mag met skakelaars peuter nie.

5. Daar moet streng by ligte-uittye gehou word en geen pratery word ná ligte-uit toegelaat nie. Niemand mag ná ligte-uit gaan tandeborsel nie. Toilette mag nie binne die eerste 30 minute ná ligte-uit gebruik word nie.

6. Geen naaklopery word in gange toegelaat nie. Gordyne moet toegetrek wees wanneer daar verklee word.

7. Geen handdoeke of kledingstukke mag oor of uit vensters gehang word nie.

8. Niks mag by vensters uitgegooi word nie.

9. Geen beddegoed (matrasse ingesluit), wat aan die koshuis behoort, mag te enige tyd uit kamers verwyder word nie.

10. Dit is in jou eie belang om te verseker dat jou kas gesluit is en die sleutel, of kombinasie, op ‘n veilige plek gehou word.

SELFOONBELEID

Beide die koshuis en die skool neem geen verantwoordelikheid vir selfone of die veiligheid daarvan nie.

VERBODE TERREIN

Binne die koshuis is die volgende verbode terrein: kantore, personeelkwartiere, die musiekkamers (behalwe vir musiekleerders), ketelkamer, motorhuise, kombuis, linne- en wasgoedkamers, die brandtrappe, eetsaal (behalwe gedurende etenstye) en stoorkamers.

Die koshuis is verbode terrein gedurende skoolure. Inwoners word slegs met die toestemming van die huisvader , of die personeellid aan diens, en in besit van ‘n toestemmingsbrief in die koshuis toegelaat word. Tussen 15:00 en 17:00 word slegs matrieks in hulle kamers toegelaat.

STUDIE

Gedrag in die studiesaal:
• Die studiesaal moet te alle tye beskou word as ‘n plek waar ernstige akademiese werk gedoen word en dit

is ‘n voorreg om hier te wees. Almal wat die studiesaal binnegaan, moet die eiendom en mense in die studiesaal respekteer. Inmenging met ander mense se reg op onderwys en studie word in ‘n ernstige lig beskou en sal ernstige gevolge hê.

• Geen rondhardlopery, grappies, speletjies of onnodige lawaai word in die studiesaal toegelaat nie.
• Daar mag nie rondgeloop en vrae gevra word gedurende studiesessies nie. In uitsonderlike gevalle mag die toesighoudende personeellid gevra word om hulp van hom/haar of ‘n ander personeellid.

FIETSE

Fietse mag koshuis toe gebring word. Fietse moet egter op ’n sentrale punt gestoor word.
Beide die koshuis en die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir fietse of die veiligheid daarvan nie.

UITNEEM VAN LEERDERS

Ouers mag hul eie kinders uitneem gedurende weeksaande nadat die nodige toestemming verkry is.
Leerders moet egter om 20:00 terug wees.

TYE

1. WEEKSDAE

06:15 Opstaanklok
06:40 Stiltetyd. Klaar aangetrek. Kamer netjies. Onderwyser aan diens doen inspeksie
06:50 Etensklok. Flink aantree
13:00 Middagete
14:10 Studieklok. Stiptelik om 14:15 aan die werk.
15:15 Studie verdaag
17:45 Etensklok. Netjies geklee - skoene - geen nat hare (dogters)

2. WINTER

18:25 Studieklok. Stiptelik 18:30 aan die werk
18:25 Buitedeure word gesluit
19:30 10 minute pouse
19:40 Studieklok. Stiptelik 19:45 aan die werk
20:45 Studie verdaag en “roll call”
21:00 Uitvee
21:15 Stilteklok. Onderwyser aan diens doen rondtes
21:30 Ligte-uitklok. Elkeen MOET in sy eie kamer wees en bly

3. SOMER

18:40 Studieklok. Stiptelik 18:45 aan die werk
18:40 Buitedeure word gesluit
19:45 10 minute pouse
19:55 Studieklok. Stiptelik 20:00 aan die werk
21:00 Studie verdaag en “roll call”
21:15 Uitvee
21:30 Stilteklok. Onderwyser aan diens doen rondtes
21:45 Ligte-uitklok. Elkeen MOET in sy eie kamer wees en bly

4. WOENSDAE

14:15 Bus vertrek dorp toe
15:15 Bus vertrek terug koshuis toe
15:30 Teken terug

5. EKSAMEN

Addisionele studiesessie tot 16:00

6. LAATSTUDIE

Teken in boek vir laatstudie - reël met onderwyser aan diens

Gr. 8 tot 22:00
Gr. 9 tot 22:00
Gr. 10 tot 22:30
Gr. 11 tot 23:00
Gr. 12 tot 23:00

REëLS

• Prente word slegs gehang aan prentelyste. Niks mag teen die mure, kaste of spieëls geplak word nie.
• Slegs matrieks word in die middae na studie in die kamers toegelaat.
• Geen dogter word in die koshuis aan die seunskant toegelaat nie en geen seun aan die dogterskant nie.
• Geen matriekleerder word in die gr.8 - gange of - kamers toegelaat nie en geen gr.8 – leerder word in die matriekgange of kamers toegelaat nie. (SEUNS)
• Rook en die gebruik van sterk drank is ten strengste verbode.
• Bywoning van skool- of koshuisfunksies is verpligtend. Geen privaatpartytjies mag vanuit koshuis bygewoon word nie.
• Kosgangers mag geen eiendom van koshuis beskadig nie. Indien wel, sal ouers verantwoordelik wees vir die herstel of vervanging van sodanige eiendom. Terrein moet skoon en netjies gehou word.
• Niemand mag skoolterrein sonder verlof verlaat nie.
• Ouers mag leerders onder geen omstandighede sonder toestemming van koshuisouers of personeel op diens, behalwe Woensdae, van die terrein wegneem nie.

• Matrieks studeer in kamer. Moet egter gedurende studietye in kamer wees en voor lesenaar sit.
• Niemand, behalwe matrieks, mag battery radio's, bandopnemers ens. aanhou nie. Radio luister in studietyd is verbode.
• Alle gordyne toegetrek saans, ook in studiesaal.
• Geen laatkommery vir studie of etes nie.
• Absolute stilte moet te alle tye in studiesaal gehandhaaf word.
• Verkry verlof vir laatstudie by personeellid aan diens en teken naam in laat-studieboek.

• Vir mediese versorging sal geneesheer, soos deur ouers versoek, ingeroep word. Ouers is ten volle verantwoordelik vir kostes. Kosgangers met aansteeklike siektes sal nie in koshuis toegelaat word nie.
• Leerders wat aan allergieë, asma, ens. ly, moet voorsiening maak vir eie medisyne.
• Siekte moet onmiddellik voor stilte by personeellid aan diens aangemeld word.
• Dit is raadsaam om siek leerders Maandag-oggende tuis te hou.
• In geval van afwesigheid weens siekte stel asseblief huisouers in kennis.
• Kosgangers wat weeksoggende siek is, mag nie na skool opstaan of koshuis verlaat nie.

• Almal moet in kamer wees en bly na ligte uit.
• Geen nie-koshuisleerling mag sonder toestemming koshuis besoek of binnegaan nie.
• Geen klere en/of handdoeke mag in vensters, of op vensterbanke of aan kasdeure gehang word nie.
• Koffers moet Maandagaand uitgepak en bo-op kaste wees.
• Niemand mag by vensters uithang of uitskree nie.
• Toegang tot koshuis gedurende pouse of skoolure verbode.
• Geen elektriese apparaat behalwe haardroërs toegelaat nie.
• Slegs matrieks mag ketels aanhou.
• Niemand mag verwarmers of warmkomberse aanhou nie
• Slegs musiekleerders word in musiekkamers toegelaat.
• Geen eetware, tee, koffie of eetgerei mag uit eetsaal na kamers geneem word nie.
• Water, veral by storte, moet spaarsaam gebruik word.
• Dorp toe: Woensdae vanaf 14:15 tot 15:15 in skooldrag.
• Telefoon: Geen oproepe tydens maaltye, studietye, stiltetye en na ligte uit nie.
• Bywoning van Pinksterdienste word aangemoedig.
• Dit is wenslik dat kosgangers aan een of ander sportsoort deelneem.

TIPES OORTREDINGS

BAIE ERNSTIG (Kat. C)

Beskadig koshuiseiendom of geboue (vandalisme)
Besit van enige gevaarlike wapen
Besit of gebruik van dwelms en alkohol, of onder die invloed daarvan
Besit of gebruik van sigarette
Besit van pornografiese materiaal
Satanisme
Seksuele wangedrag - teistering of betasting
Kriminele oortredings: diefstal, aanranding, onsedelikheid

Afwesig of verlaat koshuis of skoolterrein sonder magtiging tussen 18:00 en 06:00
Seun aan dogterskant of dogter aan seunskant
Rassistiese opmerkings
Ongeskikte of oneerbiedige gedrag teenoor personeel
Baklei, dreig of intimidasie
Doelbewuste beserings veroorsaak
Matriekleerder in Gr.8 gang of -kamer / Gr.8 - leerder in matriekgang of -kamer

ERNSTIG (Kat. B)

Afwesig of verlaat koshuis of skoolterrein sonder magtiging tussen 06:00 en 18:00
Bywoon van privaatpartytjies
Krap van name en merke op banke
Afwesig sonder magtiging van ete of studie
Oneerlikheid
Sonder toestemming siek in bed of by koshuis bly

Siek leerlinge wat na skool opstaan
Verwissel van kamer sonder toestemming
Vuil taal
Lol met brandblustoerusting
Versteur orde en stilte in studiesaal
Ongelyste diverse ernstige oortreding (omskryf)

MINDER ERNSTIG (Kat. A)

Liefkoos en omhels op skoolterrein
Matriek nie voor lessenaar gedurende studietyd
Nie in kamers na ligte uit nie
Kom laat by studie of etes
Badkamers nie netjies nie
Besoek kamers gedurende pouses of skoolure
Leerders in kombuis
Aantasting van menswaardigheid of spot
Dra van onbetaamlike of uitlokkende kleredrag

Gewone klere in dorp
Kamers nie aan kant en leerders nie netjies as stilteklok in oggend lui nie.
Laat van dorp of nie inteken
Ligte brand na ligte uit
Nie-musiekleerders in musiekkamers
Raas in stilte
Slordige kamers
Verwyder eetware, tee of koffie of eetgerei uit eetsaal
Aanhou van ketel

Aanhou van radio
Hang by venster uit en skree
Hang van klere aan vensters vensterbanke en kaste
Ketels of radio’

s aan na ligte - uit
Klokke verkeerd lui
Nie inteken vir etes oor naweke (winterseisoen)
Nie opdaag vir etes gedurende naweke (Winterseiseon)
Rommelstrooi
Tasse nie netjies en op regte plek na skool nie
Telefoon nie antwoord of verkeerd antwoord
Versiering van kamers anders as voorgeskryf
Ongelyste minder ernstige oortredings